25. Samelewingsake

25.1 BESKRYWINGSPUNT SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE OOR KERK EN GRONDHERVORMING (Artt 174, 255)

A. Dr PW Bingle stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Samelewing en Ad Hoc.
C. Ds HS Coetzee rapporteer namens die Kommissie Samelewing en Ad Hoc.

D. BESKRYWINGSPUNT

"Die Nasionale Sinode van die GKSA is van oortuiging dat die kerk van die Here Jesus Christus 'n roeping het ten opsigte van grondhervorming in Suid-Afrika. Voorts dat die kerke 'n profetiese stem moet laat hoor en saam met hoofrolspelers betrokke behoort te wees. Die Sinode doen 'n beroep op lidmate om ook sensitief te wees vir die nood van hawelose mense, en om alles in hulle vermoë te doen om te verseker dat alle mense in die plaaslike gemeenskap oor basiese huisvesting beskik. Die Sinode doen ook 'n beroep op lidmate en gemeentes om waar moontlik 'n versoenende/ bemiddelende rol te speel in grondkwessies en om pastorale hulp te verleen aan diegene wat direk daardeur geraak word."

1. Motivering

1.1. Waarom praat die kerk oor grondhervorming? Omdat die Bybel daaroor praat. *"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here"* (Ps 24:1). In die Bybel lees ons van grondbesit, grond verkoop, grondverhuring, grondverdeling, grond ruil, grond gryp, verblyfreg, ens. Oor sake soos dié wat die bestaan van mense, insluitend lidmate, só raak, kan en mag die kerk nie maar skouer ophaal en anderpad kyk nie. Die kerk moet eerder vroeër as later betrokke raak. Die kerk is immers betrokke by mense in hulle daaglikse lewensomstandighede. Die kerk is die draer van die boodskap van versoening; ook van liefde en geregtigheid. En, die kerk is self ook grondeienaar, al is dit op relatief klein skaal. Volgens 1996-gegewens besit die kerke in die RSA 184 000 hektaar.

1.2. *Grond* as sodanig kan nie hervorm nie – die *mens* wat oor grond beheer moet uitoefen, kan/moet hervorm ook tov grond. Dit gaan in grondhervorming oor méér as grond en grondbesit. Dit gaan oor 'n saak wat die lewe van mense en die toekoms van die land intens raak. Dit gaan nie net om die boerderygemeenskap nie. Ook die stede het alles daarmee te make. As die landbou inplof, het dit gevolge vir die totale samelewing. Restitusie van grond het ook te doen met stedelike grond. Grondhervorming is ook 'n saak met 'n hoë *konflik-potensiaal*. Ook daarom behoort die kerk as versoenende gemeenskap betrokke te wees.

1.3. Die kerk kan in gesprek met ander rolspelers tree oor wat die kerk kan bydra tot ordelike en verantwoordelike grondhervorming. Die kerk sou byvoorbeeld 'n bydrae kon lewer op die vlak van verhoudinge en gesindhede. Die kerk kan in bepaalde situasies 'n bemiddelende en versoenende rol speel. Dalk is daar

kante aan die kerk se verantwoordelikheid wat ons nog nie goed deurdink het nie.

2. Riglyne vir grondhervorming

2.1. Grondhervorming moet positief bestuur word as noodsaaklike en integrale deel van die nasionale versoeningsproses. As daar onreg in die verlede was en teen sekere gemeenskappe in die samelewing gediskrimineer is, moet dit op ‘n manier reggestel word. Die regering behoort beskikbare grond as deel van geïntegreerde landbou-ontwikkelings-program beskikbaar te stel.

2.2. Grondhervorming moet met sensitiwiteit, omsigtigheid en nugterheid hanteer word. Grondbesit en –verlies is ‘n baie emosionele aangeleentheid. Die herverdeling van grond moet daarom op ‘n uiters verantwoordelike wyse deurgevoer word. Die regering moet ondersteun word om die grondhervormingsplan met nugterheid en realisme te bestuur. Om soveel grond as moontlik sonder meer aan so veel as moontlik mense uit te deel, soos soms gevra word, sal meer probleme skep as oplos. Dit is ‘n wanopvatting dat grondverdeling as sodanig groot rykdom sal meebring, of selfs armoede beduidend sal bekamp. Wêreldwyd ‘oorleef’ net die mees bedrewe en toegewyde boere.

2.3. Grondhervorming moet op ‘n gesond landbou-ekonomiese grondslag berus. Grondhervorming kan net sinvol aangepak word as dit gepaard gaan met die instandhouding van ‘n sterk kommersiële landbousektor. Dit is verblydend dat die regering tans duidelik onderskei tussen die aanwending van grond vir behuising van haweloses, en die vestiging van ‘n opkomende boerderygemeenskap uit die geledere van die voorheen ‘*onbemagtigdes’ en ‘ongemagtigdes’*. Dis ook verblydend dat die georganiseerde landbou doelgerigte pogings aanwend en ook reeds verskeie projekte loods om opkomende boere uit genoemde geledere by te staan. Boerdery is ‘n gespesialiseerde beroep en ‘n harde sake-onderneming. Dit vereis onder meer tegniese kennis en vaardigheid, wetenskaplike boerderymetodes, effektiewe bestuur, infrastruktuur en bedryfskapitaal.

2.4. Grondhervorming moenie ‘n politieke speelbal van gemaak word nie. Indien dit sou gebeur dat van grondhervorming ‘n politieke speelbal gemaak word (soos in Zimbabwe), sal dit chaos en katastrofiese gevolge hê. Voortdurende verwysing na Zimbabwe moenie ‘n destruktiewe rol op die normale verloop van die proses hê nie.

2.5. Grondhervorming moet ‘n gesonde juridiese basis hê. Dit gaan in grondhervorming nie om ‘n agteroorbuig gedienstigheid in die naam van die liefde sonder eerbiediging en handhawing van reg en geregtigheid op erkende regsbeginsels nie. Deurgaans moet gewaak word teen korrupsie en neopotisme. Eiendomsreg is prinsipieel te verantwoord. Geen boer het sy grond gesteel nie.

2.6. Grondhervorming moet deel uitmaak van ‘n omvattende ontwikkelingsprogram. Die landbousektor kan nie uitgesonder word as die enigste rolspeler in die stryd teen armoede nie. Om duisende lappies landbougrond lukraak aan armes uit te deel, is nie die antwoord nie. ‘n Omvattende landelike ontwikkelingsprogram is nodig waarin ander rolspelers soos regerings-departemente, nie-owerheidsorganisasies, die privaatsektor, boereverenigings en finansierings-instansies in ‘n goedbeplande vennootskaplike benadering saamgesnoer word. Daar bestaan ‘n dringende behoefte aan effektiewe opleidingskursusse en

ontwikkelingsprogramme met die oog op die identifisering en toerusting van nuwe boere uit die geledere van die voorheen *onbemagtigdes en ongemagtigdes*.

2.7. Grondhervorming moet met ekologiese oorwegings rekening hou. Ekologiese krisisse moet voorkom word deur faktore soos oorbevolking, oorbeweiding, gronderosie, ontbossing en omgewingsbesoedeling.

2.8. Vergoeding moet billik en so ver moontlik markverwant wees. Die beleid is tans dat 'n grondeienaar teen markverwante waarde vergoed word indien die eiendom vir restitusie-doeleindes benut word.

2.9. Die grondhervormingsproses, veral restitusie-eise, moet so gou moontlik afgehandel word. Die regering kon tot dusver nie daarin slaag om sy grondhervormingsbeleid, waaroor daar grotendeels konsensus bestaan, op groot skaal in werkbare praktiese projekte te omskep nie. 'n Uitgerekte proses in die geval van restitusie-eise bring frustrasie vir die eiser en onsekerheid by die eienaar. Daarby is finansiële instellings huiwerig om finansiering te voorsien vir grond waarteen eise ingestel is.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Beoordeling

1.1 Die Kommissie vereenselwig hom met die noodsaaklikheid van die Beskrywingspunt oor hierdie aktuele saak. Die kerke het 'n rol te speel deur profeties op te tree en om die etiese beginsels daarrondom uit te spel.

1.2 Die Kommissie oordeel dat daar eerder van grondverdeling en grondeienaarskap as van grondhervorming gepraat moet word omdat grond nie hervorm kan word nie.

1.3 Die Kommissie oordeel dat die Beskrywingspunt, weens die aktualiteit van die saak, meer spesifiek moet wees en dat sekere Bybelse beginsels soos rentmeesterskap en die kultuuropdrag in die Beskrywingspunt verdiskonteer moet word.

Aanbeveling

Dat daar aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word en wel op die volgende wyse: Die Nasionale Sinode van die GKSA is van oortuiging dat die kerke van die Here Jesus Christus pastoraal en profeties betrokke is en moet wees in hulle getuienistaak oor die saak van grondverdeling en -eienaarskap.

1. Die volgende Bybelse etiese beginsels is onder andere ter sprake:

1.1 Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daarin woon, alles behoort aan die Here (Ps 24:1). Alle mense word geroep om rentmeester van God se grond te wees.

1.2 Die bewoning, bewaring, bewerking en versorging van grond is 'n Godgegewe opdrag (Gen 1:28; Gen 2:15) en grondeienaars het 'n verantwoordelikheid ten opsigte van volgehoue voedselprodusering en daarmee gepaardgaande werkskepping.

1.3 Reg, geregtigheid en billikheid moet gehandhaaf word in die verkryging en oordrag van grond.

1.4 Die liefdesgebod geld in die hantering van hierdie hoogs emosionele aangeleentheid en lidmate en gemeentes word opgeroep om in hierdie liefde op te tree.

1.5 Pastorale betrokkenheid en leidinggewing by diegene wat direk deur die proses geraak word, is noodsaaklik.

2. Dat die te benoeme Deputate vir Gesprek met die Owerheid oor die saak van grondverdeling en –eienaarskap teenoor die owerheid getuig.

Besluit: Goedgekeur.

26. RAPPORTE : BENOEMING VAN DEPUTATE (Artt 149, 230, 276)

A. Ds P Fanoy lewer die Eerste en Tweede Kommissierapport.
B. Ds BR Kingma lewer die Derde Kommissierapport.

C. Eerste Rapport

1. Opdrag

Die aanwys van Deputate soos deur die Sinode besluit.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 Ten opsigte van die werkswyse hou die Kommissie hom by die volgende besluite van vorige Nasionale Sinodes:

2.1.1 Kerke en Deputategroepe verskaf vooraf name van geskikte persone wat op Deputategroepe voorgestel word aan die Direkteur van die Administratiewe Buro (Acta 1991:69, 3.3.12.2; 1994:727,1.2.1). Hier wil die Kommissie dank uitspreek teenoor die Direkteur dat verskeie oproepe aan kerke en Deputaatgroepe gerig is om name deur te gee. Dit word egter betreur dat daar min reaksie op die oproep gerealiseer het, naamlik daar is slegs deur 5 gemeentes en 3 Deputaatgroepe op die versoek gereageer.

2.1.2 Afgevaardigdes na die Sinode stel persone voor deur name met motivering daarby skriftelik aan die Kommissie te verskaf

2.1.3 Die volgende kriteria geld vir benoeming op ‘n Deputaatgroep: Kundigheid, belangstelling, studierigting, beskikbaarheid, gesonde wisseling, kontinuïteit, inbring van jong kragte en afstande (Acta 2000:536, 2.4). Hierdie saak is in ooreenstemming met die Rapport van die Deputate vir Programmering en wat deur die Sinode 2006 reeds goedgekeur is.

2.1.4 Voor die Finale Rapport aan die Nasionale Sinode voorgehou word, word die Rapport aan die Moderamen vir finale advies voorgelê, waarna die Rapport in die vergadering dien.

2.1.5 Geen emeriti of emeritusprofessore moet in Deputaatgroepe benoem word nie. Diensdoende professore word sover moontlik ook nie in Deputaatgroepe benoem nie (Acta 1979:179,8.4; 1991:69, 3.3.12.2.d; 1994:729, 1.2.4). Dit word gedoen in ooreenstemming met die Rapport van die Deputate Programmering en reeds goedgekeur deur Sinode 2006.

2.1.6 Bepalings vir die samestelling van die Bestuur van die Administratiewe Buro en Trustees van verskillende trustfondse word volgens die onderskeie Reglemente saamgestel.

2.1.7 Voorstellers en voorgesteldes moet in ag neem dat as gevolg van hoë reiskoste weens afstande, beperkte aantal Deputaatgroepe en die moontlikheid van te groot Deputaatgroepe, dit nie vanselfsprekend is dat almal wat voorgestel word, in ‘n betrokke Deputaatgroep opgeneem sal kan word nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die Sinode keur met in ag neming van 2.1 tot 2.6 hierbo die volgende werkswyse goed:

3.1.1 Afgevaardigdes het geleentheid tot Maandag 9 Januarie 2006 om 18:00 om nog name van persone deur te gee vir moontlike benoeming op Deputaatgroepe.
3.1.2 Dit moet skriftelik ingedien word by die skriba van die kommissie, ds P Fanoy.
3.1.3 Afgevaardigdes moet vrymoedigheid neem om hulle eie name ook deur te gee indien hulle self op 'n Deputaatgroep sou wou dien.
3.1.4 Ten einde voorgestelde moontlike Deputate te kan bereik, word gevra dat volledige voorletters en van van die voorgestelde, asook telefoonnommers en adres verskaf sal word.
3.2 Die Kommissie lê 'n voorlopige Rapport aan die Sinode voor op Woensdag 11 Januarie 2006. Die Rapport word nie in die oop vergadering bespreek nie.
Beredenering: In die werkswyse van hierdie Kommissie is persone en nie sake nie, soos hoofsaaklik die geval is by ander Kommissies, ter sprake. Die goeie naam en eer van my naaste is ter sprake (Eks 20:16, HK, Sondag 43). Ten einde die Negende Gebod gehoorsaam te wees, hoor die Kommissie aanbevelings en beredeneringe ten opsigte van voorgestelde persone op Deputaatgroepe in vertroulikheid aan. Die Kommissie plaas 'n hoë premie daarop om hierdie vertroulikheid te handhaaf.
3.3 Die Kommissie lê die Finale Rapport aan die Sinode voor op Donderdag 12 Januarie 2006. Geen bespreking word daaroor gevoer nie, daarom word afgevaardigdes versoek om vooraf insette by die Kommissie te lewer.

Besluit: Goedgekeur.

D. Tweede Rapport

1. Opdrag

Die aanwys van Deputate soos deur die Sinode besluit.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

Die Sinode vestig Deputate se aandag op die volgende:

2.1 Die Bestuur en alle Deputaatgroepe moet voortdurend kyk na moontlikhede om koste te bespaar, **sonder om die werk in die koninkryk te benadeel** (Acta 2000:295, 4.7).
2.2 Die volgende riglyne is deur Sinode 2000 saamgestel:
2.2.1 Deputate vergader hoogstens drie keer per termyn van drie jaar. Die noodsaak van meer vergaderings moet by die Bestuur van die Administratiewe Buro gemotiveer word.
2.2.2 Soveel moontlik werk moet dmv **telefoonkonferensies, e-pos, fakse of pos** afgehandel word.
2.3 Die Kommissie beveel die volgende aan vir die uitvoering van bogenoemde, ten einde daadwerklike besparings moontlik te maak:
2.3.1 Deputate vergader met die oog op verdeling van werksaamhede. Daarna word werk gedoen dmv e-pos, briewe, telefoonoproepe en –konferensies en fakse.
2.3.2 Slegs wanneer dit noodsaaklik is en nadat oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro gepleeg is, word weer vergaderings gehou.
2.3.3 Vliegkaartjies, waar nodig, moet betyds dmv die Administratiewe Buro gereël word, sodat afslag vir die "groeps-" en/of "vroeë-" besprekings verkry kan word. Indien hierdie vereiste nie nagekom word nie, sou die moontlike besparing afgewentel kon word na die betrokke Deputaat in persoon.

Besluit: Kennis geneem.

E. Derde Rapport

1. Opdrag

Die aanwys van Deputate soos deur die Sinode besluit.

Besluit: Kennis geneem.

2. Opmerking

Elke Deputaatgroep moet seker maak dat alle opdragte wat na hulle verwys is, die nodige aandag kry. Alle opdragte word nie by die Deputaatgroepe aangedui nie, want die Kommissie vir die aanwys van Deputate het dit nie as hulle taak gekry of hanteer nie.

Die volgende Deputate word aanbeveel:

2.1 BESTUUR VAM DIE ADMINISTRATIEWE BURO

Br L Kruger (Randburg, Voorsitter), Adjunkdirekteur (Sekretaris), Direkteur, di LH van Schaik (Trustees), P Fanoy (SDDS), brs MC Erasmus (Potchefstroom – Publikasies), PJ Buys (Randburg), dr PA Lourens (Potchefstroom), ds EJ Tiemensma, prof WD van der Walt (Bellville-Oos).
Adviseur: Br NJ van Rensburg (Krugersdorp - Inligtingstegnologie).
Ouditkomitee: Brs JP Snyman (Koster), JA Venter (Klerksdorp).
Sekundi: Brs JH van der Merwe (Ontdekkers), AH Mulder (Rietvallei), JK Scholtz (Alberton-Wes), JF Grobler (Pretoria-Meintjeskop), GJ Badenhorst (Potchefstroom – Publikasies), di PA Coetzee (Kuratore), W Vogel (Trustees), DJ Bakker (SDDS).
Verteenwoordigers uit Partikuliere Sinodes
Partikuliere Sinode Bosveld: Ds DJ de Kock, oudl P van Staden (Magol).
Partikuliere Sinode OVS-Natal: Di CA Jansen (prim), AF Berg (sek).
Suidelike Partikuliere Sinode: Prof WD van der Walt (prim), ds RG Aucamp (sek).
Partikuliere Sinode Pretoria: Br WJ Cilliers (Oos-Moot) (prim), ds MJ Smidt (sek).
Oostelike Partikuliere Sinode: Di J van Schaik (prim), PD van Dyk (sek).
Partikuliere Sinode Randvaal: Dr D Lartz (prim), ds PJ van Blerk (sek).
Partikuliere Sinode Noordwes: Dr SJ van der Merwe (prim), ds W Vogel (sek).

Administratiewe Buro, Trustees, Personeel Pensioenfonds, Sustentasie, SDDS-inrigtings

2.2 DEPUTATE EMERITAATSVERSORGING KRAGTENS KERKORDE, ARTIKELS 11, 13 EN 20

Verkose lede Trustees: Di LH van Schaik (Voorsitter), EJ Tiemensma (Skriba, Medies), W Vogel (Skriba, EVT), PA Coetzee (Skriba, PPF).
Sekundi: Dr JH Howell, ds MP Fourie.
Kundiges benoem: Brs JJ Howell (Randburg – Ondervoorsitter), BD Bakker (Standerton), JH van der Merwe (Ontdekkers), A J Kruger (Kroonstad).
Adviseur: Br BG Kukkuk (Meyerspark).
Sekundi vir moontlike koöptering: Brs Basie van der Merwe (Rietvallei), JA Venter (Klerksdorp).
Hoofbeampte: Word, volgens Reglement, deur die nuwe Trustees aangewys.
Adjunk-skriba en Fondsbestuurder: Dr W du Plessis.

Emeritaatsversorging, Trustees – EVT en PPF, Trustees Ondersteuningsfonds, Mediese versorging, Algemene Deputate KO artt 13 en 20, Beleggings

Emeritaatsversorging, Trustees – EVT en PPF, Trustees Ondersteuningsfonds, Mediese versorging, Algemene Deputate KO artt 13 en 20, Beleggings

2.3 DEPUTATE EKUMENISITEIT EN OWERHEID

2.3.1 Binnelands

Drr J le Roux (Voorsitter), CJ Smit, ds PW Kurpershoek (Skriba), dr FP Kruger, proff A le R du Plooy, FW de Wet, CFC Coetzee.

Opmerking: Hierdie Deputate wys afvaardiging na SARK aan. Hanteer saak van Parlementêre Lessenaar soos deur Sinode besluit.

2.3.2 Buitelands

Afrika: di IW Ferreira (Voorsitter – Afrika), CB Swanepoel, HS Coetzee, S Hibbert (ad hoc), LAS Nel (ad hoc – Zimbabwe), Dr DN Nkulu (ad hoc).
Europa en Verenigde Koninkryk: Dr CJ Smit (Voorsitter – Buitelands).
Nieu-Seeland en Australië: Drr J le Roux (Skriba – Buitelands), HG Stoker.
Verenigde State: Dr DG Breed.
Suid-Amerika: Dr PJ Buys.
Verre Ooste: Ds BCG Fourie (Skakeling – Buitelands).
Hulpskribas: Di ASA de Bruyn, TF Dreyer, br JCG du Preez (Waterkloofrand).
Sekundi binnelands en buitelands: Di GJ Meijer, PJ Venter, dr N Vorster.
Korrespondente: Ds HK de Kock (Verenigde Koninkryk), dr J Lion-Cachet (Nieu Seeland), di MJ du Plessis (Australië), JAT van Blerk (VSA).

2.3.3 Owerheid

Ds RP van Wyk (Voorsitter), dr N Vorster (Skriba), ds C Aucamp, br PWB Kruger (Pretoria-Brooklyn), ds KA J van Rensburg. Koöpteer kundiges waar nodig.
Sekundi en vir moontlike koöptering: Di DF Muller, NN Ligege.

2.3.4 Adviseurs (2.3.1 tot 2.3.3)

Proff A le R du Plooy, JM Vorster, CFC Coetzee, FP Viljoen.

Kerke met kerke, Ekumeniese sake, Binnelandse kerke, Buitelandse kerke

2.4 DEPUTATE PUBLIKASIES

2.4.1 Kerklike tydskrifte

Di NW Ligthelm (Voorsitter), M van Helden (Skriba), Drie Redakteurs van Tydskrifte, mev J Fourie (adjunkredakteur); Adjunkdirekteur van Administratiewe Buro; ds JG Noeth.
Redakteurs: *Die Kerkblad* – Prof JH van Wyk, *Die Gereformeerde Vroueblad* – Dr M van Loggerenberg (Randburg), *Die Slingervel* – Dr CN van der Merwe; *Bondsjeug* – Dr AJ Krüger.

2.4.2 Almanak

Ds W Vogel (Voorsitter), dr W du Plessis, ds CA Jansen.

2.4.3 CJBF, Kerkorde en Evangelisasiemedia

Ds GJ Meijer (Voorsitter), drr VE d'Assonville, WF Leuschner (Skriba), prof DF du Plessis (Pretoria-Alkantrant), di WJ Botha, S Hibbert, HJJ Kruger, Direkteur van Administratiewe Buro.
Kundiges vir koöptering: Br N Swanepoel (Strand).
Adviseurs: Proff GJC Jordaan, CFC Coetzee (2.4.1 tot 2.4.3).

2.4.4 Koördineerder: Br MC Erasmus (koördineer sake tussen 2.4.1, 2.4.2 en 2.4.3)

Tydskrifte, Almanak, Publikasies, CJBF, Kerkordeboekie, Evangelisasiemedia

2.5 TEOLOGIESE SKOOL

2.5.1 Kuratorium

Partikuliere Sinode Bosveld
Primi: Di CB Swanepoel, SA Cilliers.
Sekundi: Dr ALA Buys, ds CJ Nagel.
Partikuliere Sinode Middellande
Primi: Di MA Modise, MA Sekhaulelo.
Partikuliere Sinode Noordwes
Primi: Ds PA Coetzee, drr CJ Smit, dr WC Opperman (Namibië).
Sekundi: Drr SJ van der Merwe, WC Vergeer, ds JP Bingle (Namibië).
Oostelike Partikuliere Sinode
Primi: Di EJ Tiemensma, LH van Schaik.
Sekundi: Ds CJH Breed, dr AJ Kruger.
Partikuliere Sinode OVS-Natal
Primi: Di PJ van der Walt, CA Jansen**.**
Sekundi: Dr SJ van der Walt, ds JJ de Kock.
Partikuliere Sinode Pretoria
Primi: Drr DG Breed, HG Stoker.
Sekundi: Ds HJP de Beer, dr J le Roux.
Partikuliere Sinode Randvaal
Primi: Drr G Breed, D Lartz.
Sekundi: Dr FP Kruger, ds C Hattingh.
Suidelike Partikuliere Sinode
Primi: Di RG Aucamp, BR Kingma.
Sekundi: Di JP van der Walt, MP Fourie.

2.5.2 Breë Kuratorium

Partikuliere Sinode Bosveld
Primi: Dr ALA Buys, ds CJ Nagel.
Sekundi: Di HPM van Rhyn, RA Bain.
Partikuliere Sinode Noordwes
Primi: Drr SJ van der Merwe, WC Vergeer, ds JP Bingle (Namibië).
Sekundi: Di HS Coetzee, JB du Plessis, TC de Klerk (Namibië).
Oostelike Partikuliere Sinode
Primi: Ds CJH Breed, dr AJ Kruger.
Sekundi: Dr SF Kruger, ds PJ van der Walt.
Partikuliere Sinode OVS-Natal
Primi: Di AH Klopper, TJ Potgieter.
Sekundi: Dr SJ van der Walt, ds JJ de Kock.
Partikuliere Sinode Pretoria
Primi: Dr J le Roux , ds HJP de Beer.
Sekundi: Di BCG Fourie, IW Ferreira.
PartikuliereSinode Randvaal
Primi: Dr FP Kruger, ds C Hattingh.
Sekundi: Dr ME Schalekamp, ds JA Schutte.

Suidelike Partikuliere Sinode
Primi: Di JP van der Walt, HC van Rooy.
Sekundi: Ds J Malan, dr MJ du Plessis.

Teologiese Skool

2.6 DEPUTATE HISTORIESE SAKE GKSA

2.6.1 Kerkargief en –museum

Ds JG Noëth (Voorsitter), br N Sarkady (Innesdal – Skriba), sr J Botha (Argivaris), br P de Klerk (Vanderbijlpark), sr A Webber (Vanderbijlpark-Suid), dr J du Plooy (Krugersdorp), di AH Stavast, G Opperman, prof JM Vorster (koördineerder van geskiedskrywing), br DF du Toit.
Kurator van die Kerkmuseum word deur die nuwe Deputate aangewys.
Adviseur: Dr JM van Tonder.

2.6.2 150 jarige Fees reëlingskomitee

Moderamen Sinode 2006 [Dr DG Breed (s), ds PJ van der Walt (Bethlehem), dr CJ Smit, ds LH van Schaik). Kundiges vir koöptering.
Verteenwoordigers van elke Partikuliere Sinode

2.6.2.1 Partikuliere Sinode OVS/Natal: Ds TJ Potgieter.
2.6.2.2 Suidelike Partikuliere Sinode: Oudl FJ Kruger, ds J Malan (sek), oudle IJ Lessing, W Grové.
2.6.2.3 Partikuliere Sinode Noordwes: Drr WC Opperman, SJ van der Merwe, ds W Vogel.
2.6.2.4 Oostelike Partikuliere Sinode: Di EJ Tiemensma, PD van Dyk, CJH Breed.
2.6.2.5 Partikuliere Sinode Pretoria: Di HT de Villiers, MJ Smidt.
2.6.2.6 Partikuliere Sinode Bosveld: Di G Opperman, CJ Nagel.
2.6.2.7 Partikuliere Sinode Randvaal: Ds P Fanoy.

Kerkargief, Museums, Herdenking 150-jaar, Opteken van geskiedenis, Gesprek met ander kerke oor bewaring van historiese stukke

2.7 DEPUTATE LITURGIESE SAKE

Ds JP Bingle (Voorsitter), proff PGW du Plessis (Potchefstroom-Noord), H du Plooy (Noordbrug), PH Roodt (Meyerspark), sr J van Rooy (Noordbrug), di BC Smit, JH Jordaan, EJ Smit (Skriba), E Kayayan.
Adviseurs: Proff BJ de Klerk, HF van Rooy, R Letsosa.

Nuwe Skrifberymings

2.8 DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS

Ds DJ de Kock (Voorsitter), dr JH Howell (Skriba), proff PH Stoker (Potchefstroom), PJ Mentz (Potchefstroom), AJ Viljoen (Noordbrug), ds LSD du Plessis, drr M Kirsten (Pretoria-Noord), MC van Loggerenberg (Randburg), br TM Buys (Heidelberg), dr EJ de Beer, br MAL Linde (Louis Trichardt), dr ALA Buys, br AT van Wyk (Windhoek).
Adviseur: Prof JL van der Walt.

Christelike Onderwys, NWU

2.9 DEPUTATE JEUGSORG

Di AL Pelser (Voorsitter), PJ van Blerk (Skriba), LJ Buys, OA Oosthuizen, P Venter, J van Schaik.

Adviseurs: Ds BCG Fourie, dr DG Breed.

Opmerking: Hierdie Deputate word versoek om noue skakeling te bewerk en behou met predikante wat Universiteitstudente bedien.

Jeugsorg

2.10 DEPUTATE KATKISASIE

Dr FP Kruger (Voorsitter), ds RA Bain (Skriba), drr PC van der Walt, WF Leuschner, J Dreyer (Akasia), R Steenkamp (Rietvallei), di BR Kingma, HC van Rooy.

Adviseur: Dr G Breed.

Katkisasiehandleidings, Handleiding Bybelse geskiedenis, Internet

2.11 DEPUTATE LEERSTELLIGE SAKE

Opmerking: waar van toepassing word studies in oorleg met Deputate Liturgiese Sake gedoen (bv Dogmatiese lied of Nagmaalsformulier het ook ‘n liturgiese dimensie).

Ds HPM van Rhyn (Voorsitter), drr SP van der Walt (Skriba), N Vorster, di SD Snyman, HLJ Momberg, di DF Muller, JP Kruger, dr De W Saaiman.

Adviseurs: Proff CFC Coetzee, JJ J van Rensburg, PP Kruger, B Spoelstra (lg ad hoc vir die verwysde alternatiewe formuliere).

Leerstellige sake, Kommissierapporte oor Alternatiewe Formuliere, Hersien van Openlike Verklaring, Studie ouderling, Skrif en Belydenisgetroue Lied

2.12 REGSDEPUTATE

Prof A le R du Plooy (Voorsitter), adv LS de Klerk (Skriba – Pretoria-Brooklyn), adv GL Grobler (Pretoria-Alkantrant), adv LI Vorster (Pretoria-Alkantrant), prof GJ Pienaar (Potchefstroom-Noord), prok DJ Coetsee (Ontdekkers), adv JJ Swanepoel (Windhoek), ds J Smit, brs GJ Badenhorst (ad hoc – Potchefstroom), MJ Kruger (ad hoc – Bronkhorstspruit).

Sekundus: Dr JH Howell.

Regsaangeleenthede

2.13 DEPUTATE DIAKONALE SAKE

Oorkoepelende skakelbeampte: Direkteur van Administratiewe Buro.

2.13.1 SDDS art. 21 Maatskappy (Diakonale Inrigtings)

Ds DJ Bakker (Voorsitter), Direkteur van Administratiewe Buro (Skriba), brs CJH Kruger (Waterkloofrand), WJ Cilliers (Oos-Moot), ds GS Kruger, sr M Ferreira (Ons Huis, Florida), een predikant en een diaken van die gemeente waaronder elke tehuis ressorteer. Op eerste vergadering moet direkteure vir art 21 Maatskappy verkies word.

Adviseur: Br GM van Blerk (Potchefstroom).

Fondsinsamelings: Bestuur word gevra om geskikte persone vir die doel aan te stel.

2.13.2 Diakonale Ondersteuningsfonds kragtens KO, art 25 (verwys Noodtoestande en diakonale sorg KO, artt 12, 79,80)

Ds P Fanoy (Voorsitter), br J Pretorius (Skriba – Akasia), ds MJ Erasmus. Korresponderende Kerkrade van Partikuliere Sinodes wys 'n diaken en 'n sekundus uit elke Partikuliere Sinode aan.

Inrigtings, SDDS Fondsinsameling, Noodtoestande, Diakonale sake, Reglement, Skakeling met Residentia Stigting

2.14 DEPUTATE VAN DIE NASIONALE SINODE (Vergader net een keer)

2.14.1 Uitgee van Handelinge

Die Skriba van Sinode 2006 (Voorsitter), adjunkskriba (Sinode 2006) en die voorsitter, skriba van die Ordekommissie (Sinode 2006), Adjunk-Direkteur, dr W du Plessis.

Adviseur: Prof CFC Coetzee.

2.14.2 Agenda, korrespondensie en programmering van Sinode

Di LH van Schaik (Voorsitter), CA Jansen, PD van Dyk, Direkteur van Administratiewe Buro, dr W du Plessis en een verteenwoordiger van elke Partikuliere Sinode.

2.14.3 Beoordeling van Appèlle en Beswaarskrifte

Di PA Coetzee (Voorsitter), RM van der Merwe (Skriba) en 'n verteenwoordiger van elke Partikuliere Sinode.

2.14.4 Studiedeputate beoordeling van ontvanklikheid van Beswaarskrifte

Di HJP de Beer (Voorsitter), PW Kurpershoek (Skriba), dr JH Howell, ds RM van der Merwe.

Opmerking: Studie: Sinodebesluit 1973 rakende wat "aanbeveling" presies behels word ook deur die Deputate hanteer.

Handelinge, Agenda, Programmering, Regsdeputate beoordeling van ontvanklikheid van Appèlle en Beswaarskrifte

2.15 DEPUTATE BYBEL

Ds AP Kruger (Voorsitter), dr AJ Krüger, ds HM Zwemstra (Skriba), prof HJM van Deventer.

Di BR Kingma en JP van der Walt het opdrag Bybelmedia.

Adviseurs: Proff GJC Jordaan, PP Kruger.

Bybelvertaling, Bybelverspreiding, Bybelmedia

2.16 DEPUTATE TOEPASSING KO, ART 66

Klassis Potchefstroom, dr AH Grové (Voorsitter), ds SD de Kock (Skriba).

Sekundi: Di JA Schutte, SP van der Schyff.

KO, art 66

2.17 DEPUTATE MEDIA EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE

2.17.1 Radio en TV

Di HJP de Beer (Voorsitter), MJ Smidt (Skriba), P van Wyk.

2.17.2 Inligtingstegnologie

Ds HF van Wyk (Voorsitter), brs A Cloete (Bloemfontein-Noord), FJ Kruger (Port Elizabeth), BJ van der Walt (Bellville).

Adviseur: Br NJ van Rensburg (Krugersdorp)

Radio en TV, Inligtingstegnologie

2.18 DEPUTATE KO, ART 48

Di PJ van der Walt (Bethlehem – Voorsitter), SD Snyman, proff A le R du Plooy, JM Vorster, JJ J van Rensburg, HF van Rooy, dr PH Heystek (Skriba), ds C Aucamp.

Herindeling Klassisse en Partikuliere Sinodes

2.19 TRUSTEES VIR DANKBAARHEIDSFONDS

Brs L Kruger (sr) (Randburg – Voorsitter), AJ Kruger (Colesberg), BD Bakker (Standerton), JP Snyman (Koster), C Naude (Krokodilrivier), dr PWB Kruger (Pretoria-Brooklyn) twee lede van die Bestuur van die Administratiewe Buro, Adjunkdirekteur (Skriba), Fondsbestuurder van Administratiewe Buro.

Dankbaarheidsfonds

2.20 DEPUTATE STUDIE VANWEË BESWAARSKRIF TEEN GOEDKEURING VAN 1983 BYBELVERTALING

Proff GJC Jordaan (Voorsitter), PP Kruger, dr AH Grové, ds BCG Fourie (Skriba).

2.21 DEPUTATE EVALUERING TOTIUSBERYMING

Ds C Kruger (Voorsitter), sr P van Helden (Centurion), br PJC van Staden (Pretoria-Noord), drr B van der Merwe (Duineveld), JC van der Walt, AH Bogaards (Skriba), proff J Swanepoel (Noordbrug), H Coetzee (Noordbrug).

Sekundus: Sr R van der Wateren.

Adviseurs: Prof PP Kruger, dr AJ Krüger.

Evaluering –Totiusberyming

2.22 DEPUTATE VERTALING VAN BELYDENISSKRIFTE, FORMULIERE EN GEBED

Ds PH Fick (Voorsitter), dr VE d'Assonville (Skriba), ds E Kayayan, dr AH Bogaards, prof AJ van Rooy (Skool vir tale NWU).

Adviseur: Prof PP Kruger.

Opdrag gekontinueer

2.3 STUDIEDEPUTATE – VROU AS DIAKEN

Di SD Snyman (Voorsitter), HJP de Beer (Skriba), drr SP van der Walt, G Breed, SJ van der Merwe, proff GJC Jordaan, JJ J van Rensburg, A le R du Plooy, JM Vorster, CFC Coetzee.

2.24 STUDIEDEPUTATE – BESWAAR TEEN DIE 2001-OMDIGTING

Di TJ Potgieter (Voorsitter), GJ Meijer, RG Aucamp, FM Dreyer, PA Coetzee, JP van der Walt (Skriba), proff FP Viljoen, PP Kruger (ad hoc). Name verwys na die Deputate vir moontlike koöptering: oudle P van Staden (Thabazimbi), G Schuring (Pretoria-Noord).

26. BEDANKINGS (Art 297)

Ds RJP du Plessis bedank namens die Sinode:

- Die Moderamen, dr DG Breed, ds PJ van der Walt, dr CJ Smit en ds LH van Schaik
- Prof AL Combrink, Kampusrektor van die Noordwes-Universiteit, vir haar boodskap en onthaal
- Die personeel van die Administratiewe Buro onder leiding van mnr HSJ Vorster vir die onbaatsugtige diens en opoffering om alles gereed te kry en te hanteer
- Dr W du Plessis vir die samestelling van die Agendas en dataverwerking
- Aan die adviseurs – professore van die TSP
- Vertalers – Theunis Vorster en Konrad Stark
- Kosters – Koos Nortje en Christiaan Jooste (Teologiese Studente)
- Al die Kommissies, in besonder die voorsitters en skribas
- Die Ordekommissie
- Susters van die onderskeie kerke in Potchefstroom wat die teebediening behartig het
- Die Roepende Kerkraad
- Tiksters – Corrie Postma, Corrie du Plessis, Marina Slabbert en Joey Fourie

Dr DG Breed bedank almal vir die aangename Sinode, veral vir die gebede en ondersteuning.

27. SLOTWOORD (Art 298)

Op versoek van die Voorsitter sluit Dr G Breed die Sinode af deur te lees uit Matt 9, ‘n stigtelike woord te spreek, ‘n gebed te doen en te laat sing van Ps 93:1,2,4.

DIE SINODE VERDAAG

DERDE ADDENDUM VAN DIE EMERITAATSVERSORGINGSKOMBINASIE

1. RAPPORT TRUSTEES VAN DIE EMERITAATSVERSORGINGS-TRUST (Artt 114, 130, 160, 188, 189, 236, 238)

Die Trustees lê die volgende Rapport aan die Ledevergadering voor.

A. Ds LH van Schaik stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie EVT/PPF. Finansiële State word na Kommissie Finansies verwys.
C. Ds LH van Schaik stel mnr G le Roux van Advantage Multifondsbestuurders aan die Ledevergadering voor.
D. Mnr G le Roux spreek die Ledevergadering toe.
E. Ds Van Schaik rig 'n dankwoord aan mnr Le Roux.
F. Ds LH van Schaik stel mnr C Erasmus, die aktuaris, aan die Ledevergadering voor.
G. Mnr C Erasmus spreek die Ledevergadering toe.
H. Ds EJ Tiemensma rig 'n dankwoord aan mnr Erasmus.
I. Dr FP Kruger rapporteer namens die Kommissie EVT/PPF.
J. Oudl IJ Lessing rapporteer namens die Kommissie Finansies.
K. Oudl WD van der Walt stel die Rapport ad hoc Kommissie oor eervolle versorging aan emeriti.

L. RAPPORT

1. Oproep

Die ledevergadering van die Emeritaatsversorgingskombinasie is opgeroep om tydens die Sinode 2006 te vergader.
Besluit: Kennis geneem.

2. Kredensiebriewe

Behalwe die afgevaardigdes soos per aanvang van die Nasionale Sinode 2003, is die volgende addisionele Deputate afgevaardig van hulle onderskeie medewerkende kerkrade:
(Sal tydens die vergadering aan u deurgegee word.)
Besluit: Kennis geneem.

3. Konstituering

Die ledevergadering konstitueer as 'n vergadering van die Emeritaatsversorgings-kombinasie, met die verkose Moderamen as funksionarisse.
Besluit: Kennis geneem.

4. Kworum

'n Kworum is teenwoordig. Kyk Reglement, Acta 1997:242, 7.5.
Besluit: Kennis geneem.